

'n Koninklike liefdeslied



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Die hele Hooglied; Genesis 2:7; 1 Korintiërs 7:3-5; Johannes 17:3; 1 Johannes 1:9; Romeine 1:24-27 en Galasiërs 5:24.

Geheeteks:

“Hou my teen jou soos die seëling op jou bors, soos die seëling aan jou arm. Die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur” (Hooglied 8:6, NAB).

Van al die mylpale in die lewe is trou seker een van die grotes. Tog is dit, soos ons reeds gesê het, iets wat party mense natuurlik nooit doen nie. Maar vir dié wat dit wel doen, bring dit bepaalde uitdagings mee. Tog hou dit ook bepaalde seëninge in. Een van daardie seëninge is seks. Dit is waarlik 'n wonderlike gawe. Op die regte plek en tyd kan dit so 'n kragtige uitdrukking van 'n paartjie se liefde wees!

Die meeste mense meen dat die Bybel teen seks gekant is, hoewel dit nie so is nie. Die Skrif verwerp wel die misbruik van daardie Godgegewe gawe aan die mens. Om die waarheid te sê, in Hooglied – wat een van die kortste bybelboeke is en seker die minste gelees word – lees 'n mens van die verhouding tussen 'n jong, Sulamitiese bruid en haar beminde, wat bes moontlik koning Salomo is. Hooglied gaan oor die veelvlakkige misterie van menslike intimiteit en die vreugdes van liefde binne die huweliksband. Hoewel Hooglied dikwels as 'n allegoriese versinnebeelding van die verhouding tussen God en sy kinders (of Christus en die kerk) gesien word, is dit in werklikheid 'n gedig oor die konkrete en tasbare liefde tussen 'n man en 'n vrou. Vandeeweek val die soeklig op die huwelik soos dit in dié Ou-Testamentiese boek uitgebeeld word.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 11 Mei.*

Die onverdeelbare lewe

Kyk na die volgende teksverse. Hoe sal jy die Bybelse siening oor die aard van liggaam opsom? Gen. 2:7; Ps. 63:1; 84:2; 1 Kor. 6:19, 20; 1 Tess. 5:23.

Party godsdienste het 'n dualistiese sienswyse. Volgens dié denkwys is die vleesgedeelte 'n struikelblok vir die geesgedeelte. Die liggaam word dus in 'n negatiewe lig beskou, terwyl die “ewiglewende gees” positief is. In die Bybel vorm die liggaam egter 'n integrale [en onafskeibare] deel van ons totale wese, en daarmee saam die seksuele sy. Om lewendig te wees, beteken dat 'n mens “liggaam” en “gees” is (*lees Gen. 2:7*). Dit is dan ook hoekom die psalmdigter 'n totale oorgawe aan God maak – hy gee sy hele wese (*Ps. 63:1, 84:2*). Heiligmaking is iets wat die gelowige met sy of haar hele wese moet ondergaan, 'n opsetting van die hele persoon vir die heilige doel waarvoor God die mens oorspronklik geskep het.

'n Positiewe houding jeens die menslike liggaam, en teenoor geslagsomgang as 'n liggaamlike uitdrukking van ons wese, word in Hooglied beskryf. Hoe blyk dit uit die volgende verse? Hooglied 1:2, 13; 2:6; 5:10-16 en 7:1-9.

In Hooglied is daar deurgaans 'n bewondering vir die menslike liggaam. Ons hoef ons nie te skaam oor die liggaamlike uitdrukking van die liefde tussen 'n man en 'n vrou nie. Al die emosies daarin word openlik uitgebeeld. Daar bestaan in baie kulture allerhande streng taboes oor hierdie onderwerp, met die gevolg dat getroude paartjies dikwels sukkel om op 'n konstruktiewe wyse oor hul seksuele verhouding te praat. Kinders lei ook onder dié stilswye. Hulle kry dikwels geen opvoeding in dié verband nie, en dit in 'n gelowige huisgesin waar Christelike waardes met akkurate inligting gekombineer kan word. Die Bybel draai ook nie doekies om oor ons seksualiteit nie. Derhalwe is dit 'n oproep tot God se kinders om meer ontspanne oor hierdie onderwerp te wees sodat seks as 'n onontbeerlike en Godgegewe deel van die lewe met die nodige respek en waardigheid behandel kan word.

Hoe kan ons waak teen kulturele en hoofstroomwaardestelsels wat óf seks tot suiwer dierlike drif reduseer óf dit tot iets skandieliks maak waaroor 'n mens glad nie behoort te praat nie? Hoe wys vir die Bybel vir ons dat altwee uiterstes verkeerd is?

Die liefdes in die liefdeslied

Beskryf die onderskeie aspekte van die liefde wat in Hooglied na vore gebring word. Hfst. 1:2, 13; 2:10-13, 16; 3:11; 4:1-7; 5:16; 6:6; 7:1-9 en 8:6, 7.

In Hooglied sien ons 'n boesemvriendskap tussen twee mense; hoedat hulle saam tyd spandeer, openlik met mekaar praat, en vir mekaar omgee. Salomo wys hoedat twee sulke vriende uiteindelik 'n getroude paartjie word. In 'n stadium sê die vrou in die gedig: “Dit is my vriend” (Hooglied. 5:16, OAB; let ook op die NAB se “lewens-MAAT”). Die woordjie vriend dui op kameraadskap en 'n platoniese vriendskap, m.a.w. 'n band waarin seks nie die botoon voer nie. Gelukkig is die man wat sy eggenote, of die vrou wat haar eggenoot, 'n geliefde vriend of vriendin kan noem. In die gedig word die intense, wedersydse aangetrokkenheid asook die liggaamlike en emosionele verrukking wat die man en die vrou by mekaar voel, m.b.v. intieme komplemente en koesterende liefdesgebare uitgebeeld. Hierdie aspek van romantiese liefde – intieme omgang – is doodnatuurlik. Dit is 'n gawe van die Skeppergod ten einde binding binne die huwelik teweeg te bring. As 'n getroude paartjie toelaat dat die liefde van God in hul harte werk, bring dit 'n “verfyning, suiwering, verheffing en veredeling” van hul menslike liefde mee (Ellen G. White, *The Adventist Home*, bl. 99).

Salomo se gedig gee dus uiting aan die mees verhewe idees aangaande die liefde. Tog is ware liefde nie eie aan die mens nie. Dit is 'n gawe van die Heilige Gees (*Rom. 5:5*) en dít is die soort liefde wat man en vrou tot 'n blywende eenheid saambind. Dit is ook die soort liefde wat toewyding bring, waarsonder die ouer-kind-verhouding glad nie kan klaarkom nie aangesien dit 'n vertrouensgevoel by die kind help skep. Boonop is ware liefde ook die selfopofferende soort, wat gelowiges in die liggaam van Christus saambind. Hooglied roep die Christen tot hierdie ware liefde, om dít die aktiewe bestanddeel tussen 'n getroude man en vrou te maak.

Op 'n eiesoortige manier weerspieël die intimiteit in Hooglied die soort intimiteit tussen God en die gelowige. Hoe so? Lig 'n paar ooreenkomste uit (byvoorbeeld: om tyd met jou liefdesmaat deur te bring, die oorgee van jou wese aan jou liefdesmaat, e.s.m.). Dink ook aan enige ander ooreenkomste.

'n Liefdevolle bekennings

Baie mense bespeur ook 'n soort “terugkeer na Eden” as motief in Hooglied. Hoewel die paartjie wat daarin beskryf word, duidelik nie die eerste man en vrou is nie, laat dit 'n mens tog aan die Edenverhaal dink. God se bedoeling, dat die man en die vrou “een [moet] word” (*Gen. 2:24, 25*), word deurgaans m.b.v. fyn metafore en simboliek in Hooglied uitgebeeld.

'n Getroude paartjie behoort hulle tot wederkerigheid in die binnekamer te verbind. Hoe toon Hooglied daardie beginsel? Hooglied 4:7 tot 5:1. Hoe stem dit met Paulus se onderwysing in 1 Korintiërs 7:3-5 ooreen?

In die gedig sê Salomo vir sy beminde: “Kom saam met my” (*Hoogl. 4:8, NAB*), wat sy ook dan doen. Later sê sy vir hom: “Laat my beminde in sy tuin kom” (*hfst. 4:16, OAB*), en dit is presies wat hy doen (*hfst. 5:1*). Volgens die Bybelse leer is daar geen dwang of manipulasie in hierdie intieme omgangsoomblik nie. Albei tree vrylik en op 'n liefderyke wyse tot die liefdedaad toe. Die een is die ander se “tuin.” “Salomo” en “Sulamities” is beide vorms van die Klassieke Hebreeuse woord sjalom. Laasgenoemde dui op die begrippe “vrede” en “heelheid.” Let daarop dat die een die ander in hierdie liefdeslied bewonder (*Hoogl. 4:1-5, 5:10-16*). Die balans in hul verhouding blyk selfs uit die strukturering van die gedig; te wete die wisselwerking tussen die manlike en die vroulike, in die vorm van opeenvolgende pare. In hoofstuk 2 vers 16 lees ons: “Die man wat ek liefhet, is myne, en ek syne” (*NAB*). Dit dui op die verbond tussen die man en die vrou, en weerspieël die gebeure in Eden: “Dit is nou... been van my gebeente en vlees van my vlees” (*Gen. 2:23, OAB*).

Die 1953-vertaling praat dikwels van die liefdedaad tussen 'n man en 'n vrou as 'n “bekennings.” Hoe verryk dit ons begrip oor die liefdesband wat God met die gelowige het? Gen. 4:1, 25; 1 Sam. 1:19; Luk. 1:34; Joh. 17:3; 1 Kor. 8:3.

Die Ou Vertaling gebruik die werkwoord “beken” om die intieme omgangsoomblik tussen man en vrou te verwoord. In daardie liefdevolle bekennings ontbloeit die een sy of haar diepste wese aan die ander. Dit is nie net 'n liggaamlike eenwording nie, maar ook 'n innerlike samesmelting. Beken beskryf ook die verhouding tussen die gelowige en God. Vir die oordeelkundige Christen beteken die huwelik 'n unieke en tedere soort kennismaking en verkenning – tesame met kameraadskap, toewyding en onbegrensde verrukking – en skenk die gelowige insae in die mees verhewe en heilige misterie op aarde: Die eenheid tussen Christus en sy kerk.

Liefde op die regte tyd

Lees Hooglied 4:8 tot 5:1.

Hoofstuk 4:16 en 5:1 vorm die middelpunt van Hooglied en beskryf as't ware die klimaks van die bruilof, waarin die huwelik tussen Salomo en die Sulammitiese vrou voltrek word.

Waarna verwys Salomo in die volgende skrifgedeeltes? Hoogl. 4:12, 16; 5:1; 8:8-10.

Dit kan seker as die mees oortuigende Bybelse bewyse ten gunste van die Godsplan beskryf word – te wete dat 'n mens kuis voor die huwelik moet bly. Besonder deurslaggewend is 'n verwysing na die Sulammiet se voortienerjare, waarin haar broers effe benoud wonder of sy uiteindelik 'n “muur” of 'n “deur” gaan wees (*Hoogl. 8:8, 9*). Met ander woorde: Gaan sy 'n kuisse “muur” of 'n losbandige “deur” wees. As 'n jong volwassene bevestig sy haar kuisheid. Sy betree die kansel as 'n maagd. “Ek is 'n muur,” sê sy (*Hoogl. 8:10, NAB*). Tot en met die huweliksnaag bevestig die koning dit ook. Hy sê dat sy “My beminde bruid is 'n tuin wat toegemaak is... 'n fontein wat afgekamp is” (*Hoogl. 4:12, NAB*). Die Sulammiet se eie ervarings voor en na die bruilof stel haar boonop in staat om haar ongetroude geslagsgenote voor te lig: Moenie oorhaastig wees op die liefdespaadjie wat tot die huwelik lei nie. Sy doen dit driemaal in Hooglied. Op daardie vroue – wat Salomo die “Vroue van Jerusalem” noem, doen sy 'n beroep om nie die intense begeerte van romantiese liefde vroegtydig aan te wakker nie – wag eerder totdat die aangewese tyd daarvoor aanbreek het (*Hoogl. 2:7, 3:5, 8:4*), m.a.w. wanneer hulle, net soos sy, veilig binne-in die band van die huweliksbelofte (en -gelofte) is.

Vir die tweede maal in die gedig nooi die beminde sy bruid om alleen saam met hom te vertoef (*Hoogl. 2:10, 4:8*). Voor die huwelik kon sy nie saam met hom gaan nie, maar dié keer is sy die een wat hom na háár tuin toe nooi (*Hoogl. 4:16*), en hy aanvaar ook die uitnodiging (*Hoogl. 5:1*). Dit is nie net haar skoonheid wat hom bekoor nie. Sy is ook 'n hartedief (*Hoogl. 4:9*). Haar liefde bring hom in vervoering (*Hoogl. 4:10*); en hy is in ekstase oor die feit dat sy nou aan hom – en niemand anders – behoort nie, en boonop vir ewig: “My liefste, jy is soos 'n tuin met 'n hoë muur om. Jy is 'n fontein waarvan net ek kan drink, 'n put wat net aan my behoort” (*Hoogl. 4:12, DB*). Sy eenwording met hierdie volmaakte vrou is vir hom 'n beloofde land: “Jou lippe proe soos heuningstroop, my bruid, jou tong soos heuning en dikmelk” (*Hoogl. 4:11, NAB*).

Party mense is opreg spyt omdat hulle voorheen nie op die regte manier uitdrukking aan hul seksualiteit gegee het nie. Watter goeie nuus het die Bybel vir diesulkes? 1 Joh. 1:9. Vgl. Ps. 103:12, Jes. 55:7 en Joh. 8:11.

Beskerm die Skepper se geskenk

God het die mens om 'n bepaalde doel manlik en vroulik geskape (*Gen. 1:26-28*). Beide die man en die vrou dra sy beeld. Tog is die samevoeging van teenoorgestelde geslagte – ten einde die huwelik se liggaamlike “eenwording” te bewerkstellig – ’n unieke weerspieëling van die veelvlakkige eenheid binne die Godheid. Voorts stel die eenwording van manlik en vroulik ons in staat om voort te plant, om nuwe lewe te skep. Dit is ’n uitdrukking van die beeld van God eie aan die mens.

Hoe voel die Skrif oor seksuele praktyke wat nie in pas met die Skepper se oorspronklike plan is nie? Lev. 20:7-21, Rom. 1:24-27 en 1 Kor. 6:9-20.

Die Bybel het ’n afkeur in alle praktyke en gebruike wat God se beeld in die mens skend of vernietig. Sekere seksuele praktyke is verbode. Die Here wil sy kinders op die regte paadjie hou sodat hulle nie die ware doel van menslike seksualiteit ondermyn nie. Wanneer ons lewens van aangesig tot aangesig met die voorskrifte van God kom, besef ons ons sonde.

Ons leef in ’n sondige wêreld. Watter houding behoort gelowiges teenoor hul eie uitdrukking van die seks-gawe, asook hul medemens s’n, te hê? Rom. 8:1-14; 1 Kor. 6:15-20; 2 Kor. 10:5; Gal. 5:24; Kol. 3:3-10; 1 Tess. 5:23, 24.

As Christene is ons die wederkoms te wagte, daardie dag van bevryding waarin die verval wat sonde meebring tot ’n einde sal kom. Ons gaan daardie dag gelowig tegemoet, met die volgende ingesteldheid: Deur Christus se kruisdood is ons dood vir die sonde, terwyl ons ook deur sy opstanding lewendig gemaak word. Deur voortdurende gebed, waaksaamheid en die krag van die Gees het ons die sondige natuur aan die kruis genael. Terselfdertyd onderwerp ons toenemend ons gedagtes aan Christus. Ons bely God se eienaarskap oor ons liggame en seksualiteit, en gebruik hierdie gawes in ooreenstemming met die Godsplan. God vergewe elkeen wat sy of haar sonde bely (*1 Joh. 1:9*). Diegene wat voorheen losbandig geleef het of wat by sondige seksuele praktyke betrokke was, word boonop deur die evangelie in staat gestel om deel van die gemeenskap van heiliges te word. Ongelukkig is die mensdom se seksualiteit so deur sonde versteur dat sommige waarskynlik nie ’n volledige herstel in dié deel van hul menslike ervaring sal kan maak nie. So sal party dan besluit om liewers selibaat te bly as om die soort seksuele verhoudings te hê wat deur Gods Woord verbied word.

Wat behoort ons houding as ’n kerk byvoorbeeld teenoor gay mense te wees? Dink ’n bietjie aan die wyse waarop hulle hul eie seksuele oriëntasie beskou. Het dit ’n invloed op ons reaksie?

Vir verdere studie:

“Die huwelik dra Christus se goedkeuring weg en behoort [dus] as ’n gewyde instelling beskou te word. Ware Christenskap beteken dat ’n mens nie die Here se planne teëgaan nie. God het bepaal dat die man en die vrou in die eg moet tree. Daardie gewyde band stel die paartjie in staat om met ’n gesinnetjie te begin, en die gesin is ’n verhewe instelling wat veronderstel is om ’n afbeelding van die hemelse gesin te wees. Aan die begin van sy openbare bediening het Christus doelbewus sy goedkeuring aan die huwelik verleen, die een wat God in Eden ingestel het. Daarmee wou Christus aan sy gehoor sê: Ek sal nie my teenwoordigheid van die bruilof-seremonie weerhou nie. Wat meer is, dat die huwelik een van die grootste genadegawes aan die mensdom is – as dit natuurlik met onbesoedelde liggame en met eerbied gedoen word, en in ’n gees van opregtheid en geregtigheid geskied” (Ellen G. White, *Daughters of God*, bl. 180, 181). Soos ons in Hooglied gesien het, kan seksuele liefde binne die huwelik ’n wonderlike ding wees. Tog kan ’n liefdesverhouding nie hou as dit bloot op uiterlike skoonheid en fisieke genot steun nie. Die ouderdom takel ’n mens se liggaam af. Maak nie saak hoe goed jou dieet is, hoe baie jy oefen of hoeveel plastiese sjirurgie jy ondergaan het nie – ’n mens se uiterlike skoonheid en jeug sal uiteindelik tot niet gaan. Salomo en die Sulammiet se huwelik is ’n lewenslange verbintenis. Die feit dat die een aan die ander behoort, is iets wat die paartjie dan ook driemaal te kenne gee (*Hoogl. 2:16, 6:3, 7:10*). Die eerste verwysing in dié verband lê klem op die paartjie se wedersydse eienaarskap (*vgl. dit met Ef. 5:21, 33*). In die tweede verwysing is daar ’n ommeswaai in die volgorde van wie eerste besit word. Dié keer is dit die vrou, waardeur sy haar onderwerping te kenne gee (*lees ook Ef. 5:22, 23*). In die derde verwysing gee die man uitdrukking aan sy begeerte na haar (*Ef. 5:24-32*). Hierdie soort liefde is onblusbaar ten spyte van die storms (*Hoogl. 8:7*), ’n koninklike seëling waarvan die gesag blywend en bindend is (*Hoogl. 8:6*).

Vrae vir bespreking:

1. Vergelyk die gedeeltes waarin Salomo sy vrou as volmaak beskryf (*Hoogl. 4:1-5, 6:8 en 7:1-9*) met Adam se reaksie in Genesis, toe hy Eva die eerste maal gesien het (*Gen. 2:23; OAB, NAB, DB, NLV en ABA*). In watter opsigte stem die twee stelle beskrywings ooreen? Die vraag is net: Hoe behoort mans teenoor hul eie vroue op te tree? (*Ef. 5:28, 29*).
2. Party beskou Hooglied as ’n allegoriese werk (m.a.w. ’n metaforiese storie waarin bykans elke karakter op iets of iemand in die regte lewe dui). Vir diesulkes gaan Salomo se liefdesgedig oor die band tussen God en sy kinders (oftewel die band tussen Jesus en sy bruid, die kerk). ’n Mens moet egter versigtig wees om nie die allegoriese in Hooglied te oorbeklemtoon nie. Inaggenome dié waarskuwing, is daar duidelik bepaalde aspekte van die verhouding tussen die man en die vrou wat met dié tussen God en ons vergelyk kan word. Identifiseer nou daardie aspekte. *Vgl. Jes. 54:4, 5; Jer. 3:14 en 2 Kor. 11:2.*